# JOHANNESBURG EAST DISTRICT

## DISTRIK-EKSAMEN

## GRAAD 10

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL**

**VRAESTEL 1**

**Junie 2014**

PUNTE: 80
TYD: 2 UUR

**Hierdie VRAESTEL bestaan uit 12 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

4. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

| | |
|---|---|
| AFDELING A: LEESBEGRIP | (30 PUNTE) |
| AFDELING B: OPSOMMING | (10 PUNTE) |
| AFDELING C: TAAL | (40 PUNTE) |

5. Beantwoord AL die vrae.

6. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.

7. Trek 'n lyn na elke Afdeling.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

10. Gee spesiale aandag aan spelling en sinskonstruksies.

11. Voorgestelde tye:

    AFDELING A: 50 minute

    AFDELING B: 30 minute

    AFDELING C: 40 minute

12. Skryf netjies en leesbaar.


**AFDELING A – LEESBEGRIP**
**VRAAG 1 - INTERNETARTIKEL**

- Lees die onderstaande internetartikel en beantwoord die vrae.

## <u>Studente leef soos plakkers</u>



1. Potchefstroom. – ’n Plakkershut is snags baie koud. Wanneer jy arm is, is hongerte jou vriend. Dis soveel erger as daar niks is wat jy omtrent die hele situasie kan doen nie.
2. Dit is die daaglikse waarheid vir baie Suid-Afrikaners wat in arm is, het ses-en-dertig studente aan die Noordwes-Universiteit (NWU) besef.
3. Dié studente van die Patria-manskoshuis op die Potchefstroom-kampus het vir een week vanaf 12 tot 19 Mei 2104, onder streng reëls net soos ander arm mense, in plakkershutte by die koshuis gebly. Hulle was baie dankbaar toe dit die laaste dag was.
4. Estiane de Lange, ‘n lid van die huiskomitee vir die studente-jool-gemeenskapsdiens (SJGD), vertel dié projek by die koshuis het verlede jaar met net ses studente begin.
5. “Vanjaar was die reaksie groot en ses-endertig studente wou baie graag deel daarvan wees.”
6. Die studente (gelukkig studeer van hulle ingenieurswese) het die ses hutte self gebou met sinkplate wat hulle by plaaslike ondernemings gekry het.



7. Ses studente woon saam in ’n hut, elk met net R15 per dag om kos mee te koop.
8. Op die vloer is net kartonhouers en jy kan kies: óf ’n kombers óf ’n slaapsak.
9. “Langbroeke word nie toegelaat nie en jy mag net een baadjie hê,” het De Lange gesê met die reuk van roosterkoek in die lug.
10. ’n Afskorting is ook gebou waarheen die studente water in ’n skottel moet dra om te was.
11. “Die meeste van die groepe sit hul geld saam om kos te koop. Ons koop hoofsaaklik stysel soos pasta, rys en sous, pap, roosterkoek en brood. Dis goedkoop.
12. “Ons eet nie eintlik vleis nie, dis ’n luukse. Een van die groepe het gespaar en Weense worsies gekoop.”
13. De Lange het vertel hulle hou die koue uit die hutte deur die gate met koerantpapier toe te stop en teen mekaar te lê.

14. "Ek het die eerste nag baie koud gekry, maar die tweede nag sokkies aangetrek en toe was dit baie beter," het Marinus Pawson gesê.
15. "Dis moeilik, 'n mens is heeltyd honger."
16. Marco Naudé geniet die ervaring, maar sal beslis nie wil aanhou om so te leef nie.
17. " 'n Mens kry waardering vir mense wat swaarkry."
18. Hoewel Joshua Plaatjies vriende op skool gehad het wat in plakkershutte gewoon het, het hy nooit voor vandeesweek se "plakkery" besef hoe swaar dit is nie.
19. Al ses-en-dertig studente stem saam dat hulle nou met nuwe oë sal kyk na die dinge wat hulle het, wat hulle sommer net as vanselfsprekend aanvaar soos om warm water of elektrisiteit te hê en 'n warm bed met 'n matras, komberse en 'n kussing.



*Uit: Beeld Digitaal, 12 Mei 2014*

1.1. Wanneer is 'n plakkershut veral koud? Haal net EEN word aan uit paragraaf 1 en 2 van die leesstuk. (1)

1.2. Wanneer is hongerte jou vriend? (1)

1.3. Hoeveel studente van Noordwes-Universiteit (NWU) het deelgeneem aan die projek in:

1.3.1. 2103? (1)

1.3.2. 2014? (1)

1.4. Vir hoe lank het van die Patria-manskoshuis op die Potchefstroom-kampus in plakkershutte by die koshuis gebly? (1)

1.5. Skryf EEN woord dat die student bly was toe dat die laaste dag aangebreek het? (paragraaf 3) (1)

1.6. Kies die korrekte antwoord en skryf NET die VRAAGNOMMER (1.6) en die LETTER (A – D) neer.

Die een voordeel vir die student was dat…

a. hulle almal studente by die universiteit was.
b. hulle R15 per dag kon spandeer.
c. van hulle ingenieurswese studeer.
d. hulle sinkplate by plaaslike ondernemings gekry het. (1)

1.7. Die studente het elkeen ’n kombers en ’n slaapsak gekry.

Is die stelling WAAR of ONWAAR en gee ‘n rede vir jou keuse. (1)

1.8. Met betrekking tot die kledingstukke wat die studente kon saamneem:

1.8.1. Wat was nie toegelaat nie? (1)

1.8.2. Waarvan was net een toegelaat? (1)

1.9. Wat was gebou sodat die studente kon was? (1)

1.10. Hoekom dink jy het die meeste van die groepe hul geld saamgesit om kos te koop? (2)

1.11. Kies die KORREKTE antwoorde en skryf NET die VRAAGNOMMER en die ANTWOORD neer:

Die studente koop hoofsaaklik stysel want 1.11.1. (dit is te duur / dit is nie so duur nie) en nie vleis nie want 1.11.2. (dit is te duur / dit is nie so duur nie). (2)

1.12. Hoe het die studente seker gemaak hulle kry nie in die aand koud nie.
Noem TWEE dinge wat hulle gedoen het. (2)

1.13. Hoe het Marinus Pawson seker gemaak dat hy ná die eerste nag nie weer koud kry nie? (1)

1.14. Maruis Pawson het gesê díe ondervinding was nie maklik nie.

Is die bogenoemde stelling WAAR of ONWAAR en gee ‘n rede vir jou keuse. (1)

1.15. Marco Naudé hou van die ervaring.

Is die bogenoemde stelling WAAR of ONWAAR en gee ‘n rede vir jou keuse. (1)

1.16. Verduidelik in EEN goeie sin wat Marco bedoel as hy sê:
“ ’n Mens kry waardering vir mense wat swaarkry.” (2)

1.17. Tot watter besef het Joshua Plaatjies gekom oor sy vriende op skool wat in plakkershutte gewoon het? (1)

1.18. Noem enige twee dinge wat díe ses-en-dertig studente nie sommer meer net as vanselfsprekend sal aanvaar nie. (2)

**[25]**

**SPOTPRENT**

- Lees die onderstaande spotprent en beantwoord die vrae.




**Juffrou Lubbe** **Piet**

1.19. Kies die korrekte antwoord en skryf die vraagnommer (1.19.1. en 1.19.3. ) en jou keuse voluit in jou ANTWOORDBOEK.

Die spotprent is 1.19.1 (humoristies / hartseer). Piet dink omdat hy die Internet gebruik het om sy antwoorde te kry behoort dit alles (reg / verkeerd) te wees. Daar word gespot met die feit dat baie mense 1.19.3. (afhanklik / onafhanklik) is van die Internet. (3)

1.20. Noem EEN element wat die skrywer van die spotprent gebruik om dit snaaks te maak. (1)

1.21. Noem EEN voordeel van die Internet. (1)

**[5]**

**AFDELING A TOTAAL : 30**

**AFDELING B – OPSOMMING**

**VRAAG 2**

INSTRUKSIES

- In die stuk is sewe karaktereienskappe wat jy moet hê om ‘n goeie vriend te wees.
- Verkort / som die SEWE feite in 70 of minder woorde op.
- Skryf jou feite puntsgewys neer.
- Skryf die getal woorde aan die einde van die opsomming.

## Sewe karaktereienskappe wat jy moet hê om ‘n goeie vriend te wees.

1. Ons het almal eienskappe wat ons moeilik maak. Fokus op die goeie in mense. As jy altyd fokus op die negatiewe aspekte van ander mense, herinner jouself net dat jy ook foute het.

2. Die Boeddha-beelde glimlag altyd. Dit is ‘n visuele onderrig, want as ‘n mens glimlag vergeet jy van jou probleme. Onthou om altyd te glimlag.

3. Moenie broei oor iemand wat jou sleg behandel het nie. Sulke negatiewe gedagtes is afbrekend. Fokus op die skoonheid van die oomblik.

4. Wees 'n positiewe spieël vir ander. As jy 'n vriend vir iemand wil wees, moet jy seker maak dat jy hulle laat weet van al die wonderlike dinge wat jy in hulle kan sien.

5. Dink oor wat jy vir jou vriende kan doen. Wees behulpsaam. Die vraag is: Wat het jou vriende nodig en wat kan jy doen om te help?

6. Wees vriendelik. Vriendelikheid is nooit ongevraagd nie. Alhoewel dit nie altyd moontlik is nie, is dit iets om na te strewe.

7. Wees dankbaar. As jy jou vriendskappe wil versterk, moet jy aan jou vriende bewys dat jy dankbaar is vir wat hulle vir jou doen en dat jy dankbaar is vir vriendskap.

**AFDELING B TOTAAL : 10**

**EN**

**AFDELING C – TAAL**

**VRAAG 3 – WOORDSTRUKTURE**

• Die taalvrae wat volg, is op die advertensie gebaseer.




By Innibos is alles moontlik, selfs 18 kunstenaars op een verhoog!

Die Standerdbank Hoofverhoog gaan wemel van talent op Satirdag, 5 Julie wanneer 18 van jou gunsteling sangers gaan optree by die JacarandaFM Konsert, die laaste groot konsert van musiek vir Innibos 2014!

Steve Hofmeyr, Juanita du Plessis, Bok van Blerk, Jay, BlackByrd, Dewald Wasserfall, Andriette Norman, Laurika Rauch en Jak de Priester is van die bekenste sterre wat gaan optree.

Kom jou kleinding saam Innibos toe, maar jy weet nie hoe jy hulle gaan besig hou nie? Moenie bekommerd wees nie, daar is ‘n aktiwiteit by die fees van wat jou kind sal hou!

Sparletta Apies Innibos sê: “Ons is hier op die feesterrein om jou lewe en jou kinders s’n, nog lekkerder te maak by Innibos.”

Van die geliefde Tjiff en Tjaff tot indrukwekkende kulkunstenaars sal op die feesterrein te sien wees.

Gaan soek hierdie vermaakkunstenaars saam met jou kinders en hulle sal verseker om jou kleingoed gelukkig te hou.

3.1. Skryf die teenoorgestelde van die vetgedrukte, onderstreepte woord. (1)
By Innibos is alles **<u>moontlik</u>**.

3.2. Skryf die vetgedrukte, onderstreepte nommer as ‘n woord. (1)
Die Hoofverhoog gaan **<u>18</u>** sangers optree.

3.3. Korrigeer die spelfout van die vetgedrukte, onderstreepte woord (1)
Die Standardbank Hoofverhoog gaan wemel van talent op **<u>Satirdag</u>**, 5 Julie.

3.4. Skryf die vergrotende trap van die vetgedrukte / onderstreepte woord. (1)
Laurika Rauch en Jak de Priester is van die **<u>bekendste</u>** sterre wat gaan optree.

3.5. Gee die intensiewe vorm van die vetgedrukte / onderstreepte woord. (1)
Moenie **bekommerd** wees nie.

3.6. Skryf die meervoud van die vetgedrukte, onderstreepte woord. (1)
Daar is 'n **aktiwiteit** by die fees.

3.7. Skryf die korrekte vorm van die vetgedrukte / onderstreepte woorde. (1)
Dit is 'n aktiwiteit **van wat** jou kind sal hou!

3.8. Vorm 'n nuwe woord deur die vetgedrukte / onderstreepte woorde te kombineer. (1)
Ons is hier om jou kinders se **lewe** + **gehalte** te verbeter.

3.9. Verdeel die vetgedrukte, onderstreepte woord in lettergrepe. (1)
Indrukwekkende **kulkunstenaars** sal op die feesterrein te sien wees

3.10. Skryf die verkleiningsvorm van die vetgedrukte / onderstreepte woord. (1)
Hulle sal jou **kleingoed** gelukkig hou.

**VRAAG 4 – SINSTRUKTURE**




Raampie 1 | Raampie 2 | Raampie 3 | Raampie 4

4.1. Herskryf die volgende sin met die voegwoord in hakies. (2)
Thandi is in die moeilikheid want sy het nie haar huiswerk nie. (omdat)
Begin die sin so: Thandi is …

4.2. Skryf die volgende sin oor in die verlede tyd. (1)
Thandi het nie haar huiswerk nie.

4.3. Skryf die volgende sin oor in die indirekte rede. (2)
Juffrou vra: "Hoekom het jy nie jou huiswerk hier nie?"

4.4. Skryf die volgende sin oor in die indirekte rede. (2)
Thandi sê: “My hond eet altyd my huiswerk.”

4.5. Skryf die volgende sin in die toekomende tyd. (1)
Thandi gaan na die hoof se kantoor.

4.6. Skryf die volgende sin in die negatiewe vorm. (1)
Thandi doen altyd haar huiswerk.

4.7. Skryf die volgende sin oor in die aktiewe / bedrywende vorm. (1)
Die hoof straf Thandi.

**VRAAG 5 – KRITIESE TAALBEWUSTHEID**

**<u>Departement maak stem dik oor webtuiste met gevegte</u>**



1. Die departement van onderwys het ’n webtuiste veroordeel wat betaal vir video’s van skoolgevegte.
2. Die webuiste is in 2011 gestig met ‘n video van twee meisies wat in ‘n skoolbadkamer baklei.
3. “Ons beskou die webtuiste as ’n vulgêre verheerliking van geweld,” het die woordvoerder Troy Martens in ’n verklaring gesê.
4. Die webtuiste nooi mense om video’s in te stuur: “Het jy ’n video van ’n skoolgeveg? Dit kan dalk ’n paar rand werd wees!”
5. Dit bevat video’s van gevegte, met titels soos “Twee SA skoolseuns baklei oor rondloopermeisie…” en “Jy sal nie glo wat hierdie Afrikaanse meisies aan hul dik klasmaat doen nie!”
6. *The Star* het Donderdag ’n berig op hul webtuiste geplaas en die webtuiste het toe later dié aankondiging geplaas: “Let asseblief daarop dat ons nie kan betaal vir videogevegte waarby minderjariges betrokke is nie! Gevegte tussen twee of meer toestemmende volwassenes sal egter oorweeg word.”
7. Sowat 1 000 mense volg die webtuiste op Facebook.
8. Die departement het gesê hulle gaan die webtuiste aan die relevante owerhede rapporteer in ’n poging om dit te sluit. “Sulke optrede moet nooit aangemoedig word nie, veral omdat die departement poog om boeliegedrag stop te sit en geweld uit ons skole te hou.”

*Van : Huisgenoot Digitaal op 16 Mei, 2014*

5.1.1. Identifiseer die hoofsin in die volgende saamgestelde sin en skryf dit neer. (1)
Die departement van onderwys het ’n webtuiste veroordeel wat betaal vir video’s van skoolgevegte.

5.1.2. Identifiseer die bysin in die volgende saamgestelde sin en skryf dit neer. (1)
Die webuiste is in 2011 gestig met ‘n video van twee meisies wat in ‘n skoolbadkamer baklei.

5.1.3. Pas Kolom A by Kolom B. Skryf net die VRAAGNOMMER en die LETTER neer. (3)

| Kolom A | | Kolom B | |
|---|---|---|---|
| 5.1.3.1. | Afleiding | A | webtuiste |
| 5.1.3.2. | Samestelling | B | mense |
| 5.1.3.3. | Sametsellende Afleiding | C | klasmaat |

5.1.4. Identifiseer die byvoeglike bepaling in die volgende sin: (1)
Die webtuiste nooi mense, wat braaf genoeg is, om video's in te stuur.

5.1.5. Identifiseer die bywoordelike bepaling in die volgende sin: (1)
Sowat 1 000 mense volg die webtuiste wanneer hulle ookal kan, op Facebook.

5.1.6. Kies die korrekte antwoord en skryf net die VRAAGNOMMER en die LETTER neer. (1)

In die titel word die woord "dik"…

a. denotief gebruik in dat die regering heftig kapsie maak teen die webtuiste.
b. konnotief gebruik in dat die regering heftig kapsie maak teen die webtuiste.
c. denotief gebruik omdat die regering se stem oorgewig is.
d. konnotief gebruik omdat die regering se stem oorgewig is.

5.1.7. Kies die korrekte antwoord en skryf net die VRAAGNOMMER en die LETTER neer. (1)

In paragraaf 5 word die woord "dik"…

a. denotief gebruik in dat die leerders heftig kapsie maak teen die webtuiste.
b. konnotief gebruik in dat die leerders heftig kapsie maak teen die webtuiste.
c. denotief gebruik omdat die meisie oorgewig is.
d. konnotief gebruik omdat die meisie oorgewig is.


5.1.8. Identifiseer die tipe sin wat hier onder geskryf is: (1)
Het jy 'n video van 'n skoolgeveg?

5.1.9. Identifiseer die tipe sin wat hier onder geskryf is: (1)
Dit kan dalk 'n paar rand werd wees!"

5.1.10. Wat dink jy is die skrywer se standpunt oor die webtuiste? (1)

5.1.11. Wat is jou standpunt oor die webtuiste? (1)

5.1.12. Kies die korrekte antwoord: Die geimpliseerde betekenis van die leesstuk is dat tieners daarvan hou om ( in die skool te baklei / hulle video's op die internet te sien). (1)




Vrou 1 Vrou 2

5.2.1. Bespreek die kontras van die twee vrouens se kleredrag en hulle oë. (2)

5.2.2. Pas Kolom A by Kolom B: (4)

| Kolom A | | Kolom B | |
|---|---|---|---|
| 5.2.2.1. | Die spotprent is 'n goeie voorbeeld van gevoelstaal. | A | Die vrouens word beide onderdruk deur 'n wrede manlike dominerende wêreld. |
| 5.2.2.2. | Die spotprent is 'n goeie voorbeeld van vooroordeel. | B | Die skrywer wil hê die leser moet sekere emosies ervaar. |
| 5.2.2.3. | Die geïmpliseerde betekenis van die spotprent. | C | Vrouens van alle kulture word onderdruk deur 'n wrede manlike dominerende wêreld en dit is nie reg nie. |
| 5.2.2.4. | Aannames en die impak van die spotprent. | D | Die vrouens dink beide die ander een word onderdruk deur 'n wrede manlike dominerende wêreld. |

**AFDELING C TOTAAL : 40**
**GROOTTOTAAL : 80**